Waterkruik

JAARGANG 56 NO 8 24 Februarie AD 2019

EREDIENS VANDAG

Vanoggend word die Heilige Nagmaal gevier. Nabetragting word gedoen as deel van die erediens.Daar sal dus vanaand **geen** erediens wees nie.

Almal word hartlik uitgenooi om na die viering van die Heilige Nagmaal, na die erediens, saam te kuier en te eet. As u u eetgerei vergeet het, is dit geen probleem nie, hier is genoeg.

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Kerklike Tydskrifte**

Doel: Om aktuele artikels met 'n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen 'n billike prys te versprei.

Volgende Sondag:

Teologiese Studentekas

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 25 & 26
Ouderlinge: Pieter du Plooy en Grandi Theunissen
Diaken: Wena Kloppers

Volgende Sondag: Wyke 1 & 2
Ouderlinge: Corrie Skinner en Gerrit Broos
Diaken: Ruan Landsberg

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters wat vandag tee en koffie bedien voor die ete.

Sondag 3 Maart is dit die beurt van wyk 17 o.l.v. Carene van der Merwe.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes;
. . . en lei my op die ewige weg!"
Psalm 139:23-24

Vandag

Sr. Elsie de Lange	082 332 0835
Sr. Lisl Lindeboom	072 127 2361
Br. Tjibbe Spoelstra	082 571 5372

Maandag 25 Februarie

Sr. Nelie Enslin	082 961 1037
Br. Johannes Dreyer	083 303 1122

Dinsdag 26 Februarie

Cara le Roux (17)	079 403 2483
Divan v d Merwe (14)	082 777 1980
Br. Sean v d Merwe	082 562 6752

Donderdag 28 Februarie
Br. Chris van Eeden 082 809 4873

Vrydag 1 Maart
Br. Douglas Swart 072 634 7604

MEELEWING

Ons wens br. *Grandi Theunissen*, wat Dinsdag 'n operasie vir 3 breuke in die Unitas Hospitaal moet ondergaan, krag en sterkte toe. Ons bid dat die Here die operasie sal seën en dat jy gou volkome beter mag wees. 082 0944995

Br. Corrie Skinner word Vrydag aan sy hand ge-opereer. Ons bid dat die Here die operasie sal seën en dat u gou volkome sal herstel. 082 494 0309

Sr. *Alida Steenekamp* is steeds in die Kloofhospitaal na 'n rugoperasie. Ons bid haar en haar geliefdes krag en sterkte toe. Mag dit elke dag bietjie beter gaan.
083 548 6162

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die Heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. 2 Tim 3: 14 & 15

ROEPING VAN DIAKEN
Die volgende broeders en susters is geroep om as diakens te dien:

Brs. Albert Chambers, Eddie Josling, Gerrit Kruger, Louis Scheepers , en srs. Karen Moolman, Hannie Kuschke, Ansie Oosthuizen en Lisl Lindeboom.

Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

BEROEPENUUS
BEROEPE ONTVANG
Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord.

ATTESTATE
***Attestaat ontvang*:**
Hartlik welkom aan br. *Francois de Kock* wat van Heidelberggemeente na ons gekom het.

Opgeneem in die GK Waterkloofrand:
Sr. *Aliza Odendaal*, wat vir ons al 'n bekende gesig is aan Jacques Tredoux se sy, het van die NG Kerk Moreletapark by ons aangesluit.

Hartlik welkom Francois en Aliza. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van die gemeente.

Met attes vertrek:
Met attes vertrek na Cachet gemeente: *Carli van der Merwe* en *Kobie van Wyk jnr*.
Na Pretoria Rooiwal: *Frans Bekker*.

Gemeenskap opgesê met die Gereformeerde Kerk:
Nico en Evita van Aswegen en dooplidmate Evah en Megan.

"KRAG"TELOOS IN 2019?

"Ek is geskok oor die toestande in ons land"! "Hoe kan jy geskok wees as daar nie krag is nie".
"SA is gekies as die mees romantiese land in die wêreld. Hulle eet elke aand by kerslig". Ens, ens, ens …..

Gelukkig kan ons nog grappies maak oor die toestande in ons land waar ons toekoms vir ons "donker" lyk.

MAAR ….. kom luister gerus na **Dr André van Niekerk** as hy met ons kom praat oor: ***Wat leer die Skrif oor die toekoms? Gedagtes oor Deuteronomium en die Bergpredikasie.***

Die **Kuierkafee** het Dr André , predikant van die NG Gemeente net 'n blok bokant ons kerk, genooi om op **26 Februarie om 10:00** met ons te kom gesels. Hy word hoog aangeskryf en die inwoners van Huis Piek praat met lof van hom waar hy altyd dienste waarneem by die tehuis.

Kom asseblief in groot getalle, kom laai julle batterye en wor weer versterk met 'n "helder" uitsig vir die toekoms. Na die tyd word daar heerlik gekuier met 'n koppie tee/koffie en 'n lekker happie.

Indien iemand vervoerprobleme het, skakel gerus vir Rika le Roux 082 675 0979 of An Venter 079 679 002.

OP DIE KERKRAAD SE TAFEL.

Op die Breë Kerkraadsvergadering van Woensdag 6 Februarie het 'n aantal sake aandag geniet waaroor die Redaksie u kortliks wil toelig:

* **Jeug van Gereformeerde gemeentes in Pretoria.**
'n Behoefte is geïdentifiseer om aksies te reël waar hulle o.a. op 'n gereelde basis saam kan kom, meelewing onder mekaar kan bevorder, hulle belewenis van geloof kan bevorder, ens. Madelein van Staden van ons gemeente het die vergadering bygewoon. Die projek is nog in sy kinderskoene. Die BKR het br Steve Chambers jnr. benoem om namens ons gemeente betrokke te wees by verdere aksies in dié verband.

* **Beplanning vir dr Douw se emeritering**
Volgens die bestaande beplanningsraamwerk vir dr Douw Breed se emeritering, nadat hy die ouderdom van 65 jaar bereik het, word die voortsetting van sy bediening jaarliks by die eerste vergadering van die Kerkraad vir die betrokke jaar oorweeg.
By hierdie week se vergadering het dr Douw die Kerkraad versoek om vanjaar te emeriteer. Na oorweging van sy versoek en motivering in ooreenstemming met die Kerkorde Artikel 13 van die Kerkorde, **het die Kerkraad die versoek toegestaan**.
Die Kerkraad het weer sy groot waardering aan dr Douw en dank aan die Here betuig vir dr Douw se volgehoue uitsonderlike ywer en vrug in die bediening. Dr Douw se **emeritering word vir die end van 2019 beplan**, in ooreenstemming met die beplanningsraamwerk. Dit bied DV genoeg tyd vir beplanning en implementering van die voortsetting van die predikantsbediening in ons gemeente. 'n Kommissie is vir die doel aangewys.

* **Sondagkoster**. Br. Andre Els kan nie voortgaan met sy diens as **Sondagkoster** nie aangesien hy verhuis uit Pretoria. Die BKR het goedgekeur dat **br. Hein Wichmann** (wederhelf van ons orrelis) die taak by br. Andre oorneem.

* **Lidmate in die buiteland**. 'n Aantal lidmate van ons gemeente (8 volwassenes en 2 kinders) is tans woonagtig/werksaam in die buiteland. 'n Behoefte aan kontak op kerklike gebied het onder die aandag van die Kerkraad gekom en daar is gevolglik besluit om 'n kommissie die opdrag te gee om alle aspekte van die aangeleentheid te ondersoek ten einde die Kerkraad te adviseer.

* **Video-uitsendings van eredienste op YouTube**. Die organisasie het die volgende inligting oor die diens wat hulle gedurende Januarie 2019 aan ons gelewer het, aan die BKR se Kommunikasiekommissie gestuur: die aantal intekenaars het met 7 vermeerder, daar was 533 "kyke" (views), die kyktyd was

9 635 minute en daar was 13 positiewe reaksies ("likes") op die uitsendings.

ONS GEMEENTE SE FINANSIËLE SITUASIE

Die Breë Kerkraad het op sy vergadering van 6 Februarie verslag gedoen dat die finansiële jaar soos op 31 Desember 2018 afgesluit het met 'n wesenlike tekort, welke tot gevolg gehad het dat die kontant reserwes grootliks uitgeput is. Die **tekort beloop ongeveer 22% van die totale uitgawes** en is nie net as gevolg van verhoogde uitgawes nie maar ook weens mindere bydraes ontvang gedurende die periode.

Die begrote **tekort vir 2019 kon wel afwaarts aangepas** word (ongeveer 6% van die totale uitgawes) en wil ons graag die lidmate bedank wat tot die oproep gereageer het en hul voorneme om by te dra opwaarts aangepas het. Die huidige begroting is baie konserwatief saamgestel maar is daar sekere uitgawes waaroor die kerkraad nie beheer het nie en 'n wesenlike impak op die totale uitgawes het. Die **tekort soos begroot beloop ongeveer R400.00 per lidmaat per jaar**.

Lidmate word steeds versoek om volgens hul vermoëns by te dra. Sou die huidige finansiële posisie voortduur sal ingrypende besluite geneem moet word. U kan met u ouderling of die Finansieskommissie skakel sou u nadere besonderhede van die inkomstes en uitgawes verlang.

J VAN STADEN
FINANSIESKOMMISSIE

DIE GRIEK



Die Griek sê hy **kom**.

Op 18 Mei.

Hy sê **jý** moet daar wees.
Want hy bring iets saam. **Vir jóú.**

Iets Grieks. **Regte** Grieks vir hom, maar **regtig** Grieks vir jou.

BYBELS VIR U EVANGELISASIEWERK

Ons Evangelisasiekommissie het 'n verdere aantal Bybels in Engels en kategismusboekies in Engels bekom met die oog op die bevordering van evangelisasiewerk.
Indien u bewus is van 'n persoon wat daarby kan baat, nooi ons u uit om na die erediens vanoggend 'n Bybel en 'n boekie in die Konsistorie te gaan afhaal. (LW die Bybels en boekies is nie vir u persoonlike gebruik nie).

KONINGSKINDERS DERDEPOORT

Die Evangelisasiekommissie en die diakens wil graag klere insamel vir die Koningskinders van Derdepoort. Die kinders se ouderdomme strek van 6 jaar tot 13 jaar. Ons versoek gemeentelede om asseblief netjiese gebruikte klere te skenk. Enige toiletware is ook welkom. Merk dit asseblief duidelik "Koningskinders Derdepoort", of kontak Wena Kloppers, 0829230246.
Baie dankie.

WAT IS DIE BESTAANSREDE VIR ONS GEMEENTE ?

Ons gemeente het etlike jare gelede oor die onderwerp besin en sekere riglyne neergelê wat die Redaksie graag veral onder nuwe lidmate se aandag wil bring. Hierdie dokument is verkort maar u kan by die Redaksie navraag doen vir die volledige dokument.
Die bestaansrede is om "tot *eer van die Here* in *afhanklikheid van Hom*, in beide *woord en daad*, na binne en buite, *draers* te wees van die *Blye Boodskap".*

Hoekom **na binne**?

- God se liefde is in ware gelowiges! (Lees Joh.4:10 en 20).
- Ons is Christus se liggaam (Lees 1 Kor. 12:12 en 13).
- Dit openbaar iets van God (Lees Ef.4:3 tot 6).

Hoe is ons draers van die Blye Boodskap na binne? Deur die spesifieke gawes wat God aan elkeen gee, tot voordeel van die ander lede uit te oefen. (Lees 1 Kor12:7; Ef.4:7; Rom 12:4 tot 6)

Wat gebeur as lede hul genadegawes tot voordeel van die ander lede uitoefen?

- Die liggaam sal homself opbou. (Lees Ef.4: 13 tot 15).
- Kantlyn mense begin verdwyn (Lees 1 Kor.12).
- Die gemeente word 'n ywerige priesterdom (Lees 1 Pet.2:5).
- Die koningskap van Christus skitter in die gemeente al word daar hoeveel druk op die gemeente geplaas.

Hoekom draers **na buite**?

- God se barmhartigheid is gerig tot alle mense.
- Dit is die gene van die lede van Christus se liggaam.
- So regeer Christus uit die hemel.
- Christus is immers teenwoordig.

EREDIENS- EN NAGMAALBYWONING

Die Redaksie het in 'n Waterkruik van Augustus 2018 enkele bywoningsyfers verstrek en het dit goedgevind om met hierdie uitgawe nuwe syfers onder u aandag te bring. Die **gemiddelde bywoning** van oggenderedienste deur belydende lidmate gedurende 2018 was 46% en deur dooplidmate ook 46%. Die gemiddelde bywoning tydens aanddienste was 11% en 8 % respektiewelik (bywoning tydens vakansies en langnaweke is nie in ag geneem nie) (Die syfers vir die jare 2005 tot 2010 was 45% en 37% in die oggende en 12% en 9% in die aande).

Vir **nagmaalbywoning tydens Novembermaande** is daar die volgende syfers:

- vir die jare 2005 tot 2010 was die gebruikers : 71%, verskonings 19% en wegblyers 10%
- vir 2018 was die gebruikers in November 62%, verskonings 22% en wegblyers 16%.

(Nota. Die getal belydende lidmate was in 2010 *337* en in 2018 *318* terwyl die dooplidmate in 2010 *70* en in 2018 *72* was.)

Die getal gebruikers van glasies in 2018 tydens nagmaal bly baie dieselfde nl. ± 48.

BEKENDSTELLING VAN DISSIPELSKAPKURSUS

As deel van die Evangelisasiekommissie se jaarprogram is daar besluit om bietjie later in die jaar 'n dissipelskapkursus aan te bied om lidmate toe te rus om die Evangelie uit te dra.

Die Breë Kerkraad het dit goedgekeur dat ds Johannes Aucamp van Rietvallei Gemeente op Sondag 12 Mei 2019 die erediens by ons gemeente kom waarneem en direk daarna net 'n kort inleiding sal lewer tot sodanige kursus.
Ds Aucamp is 'n gesoute aanbieder van Dissipelskapkursusse. Ons is seker dat ons lidmate die praatjie waardevol sal ervaar en ons vertrou dat dit goed bygewoon sal word. Later meer besonderhede.

HOE KAN ONS SEKER WEES VAN GOD SE BEWARING?

Ons kan seker wees:

- **Omdat:** "Sy raad nie verander nie" – wat Hy eenmaal besluit het, gebeur wis en seker.
- **Omdat:** "Sy belofte nie gebreek kan word nie" – God is nie 'n mens wat iets belowe en sy belofte nie nakom nie.
- **Omdat:** "Die roeping na Sy voorneme nie herroep kan word nie" – as God u geroep het as sy kind, herroep Hy sy roeping nooit weer nie, al dwaal u af.
- **Omdat:** Jesus Christus se verdienste , voorbidding en bewaring nie kragteloos gemaak kan word nie – wat Jesus Christus op Golgota gedoen het staan vas.
- **Omdat:** Dit wat die Gees vir ons waarborg,vasstaan en nie verander kan word nie.

Ons mag val maar sal nooit verval nie, omdat God nooit die werke van sy hande laat vaar nie.
(ds. Thinus du Plessis in "God kies sy kinders uit" Kyk ook Dordtse Leerreëls hfst.5 art. 8 en ds. Christaan Jooste : "Die Dordtse Leerreëls")

ALLERLEI

TOERUSTINGSGELEENTHEID

Expando bring graag die volgende toerusting-geleentheid onder u aandag. Navrae kan aan die kerkkantoor by GK Annlin gerig word:

Alle ouderlinge, diensgroepleiers en almal wat belangstel, word uitgenooi na 'n baie belangrike toerustingsgeleentheid komende **Saterdag 2 Maart vanaf 08:30 tot 12:30** hier by **GK Pretoria-Annlin** se Kerkgebou.
Die geleentheid wil ons bekend stel aan 'n wonderlike bediening wat elkeen van **ons sal toerus om mense wat worstel met enige verslawings of met 'n attraksie na persone van dieselfde geslag**, met vrug te kan help en te begelei na die vervullende lewe in Christus Jesus.
Kom woon dit by en word self toegerus om die belangrike dienswerk in God se Koninkryk te doen.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en

videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.